JUNIE/JULIE, 2026

# OUD LEERDER NUUS

“Beter as Gister” – ‘n Dramareeks wat die kollig op pa’s plaas, word vanaf 30 Junie 2026 op Kyknet uitgesaai en is uit die pen van **Rene van Rooyen** (**mx 2002**) en haar man, Corne van Rooyen. Beide is bekende Suid-Afrikaanse skrywers en regisseurs wat al aan verskeie suksesvolle Afrikaanse films en reekse gewerk het, waaronder Alles Malan, Toorbos, Vaselinetjie en Hollywood in my Huis.  Rene het ook in Maart 2026 by die SAFTA toekennings gewen as Beste Regisseur vir die TV-drama – Catch Me a Killer!







**Danielle Cronje** (**mx 2025**) is a dedicated women’s rugby player who represented the Boland U20 Women’s Team at the 2026 U20 Women’s Week held in Alberton, where she competed against top teams from across the country. In addition to her rugby accomplishments, Danielle is also giving back to the next generation as an U14 netball coach at La Rochelle, showing her passion for sport both on and off the field.




Baie Geluk **Nina Voigt** (**mx 2025**) Sy is deur SOS aangewys as die landwye toppresteerder IGO-matrikulant van 2025! Wat ‘n ongelooflike eer.




**Wanya Andrews (mx 2024**) is tans ‘n Intern by LAR. Sy het haar B.Ed in Senior fase en FET-onderrig voltooi. Dankie Wanya dat jy terugploeg in die Larrie familie.



It is with great sadness that we share the news op **Aretha H Raynard’s** passing. She matriculated in 2002. Both sisters, Megan van Diemen and Tayla van der Merwe, are former Larries.



**Reechia Diaan Valentyn (mx 2025**) en **Danika Smuts (mx 2024**) het van 24-27 April aan die Wes-Kaap Netbalkampioenskappe deelgeneem waar albei saam met hul spanne medaljes verower het. Reechia Diaan Valentyn was deel van die 0/19 Kaapse Wynland-netbalspan. Hulle het al hul wedstryde gewen en die goue medalje verower. Danika Smuts was deel van die Senior Vroue Kaapse Wynland-netbalspan en hulle het die silwer medalje verower.








Telkom Netball League from April 24 to June 15. Featuring 16 top provincial teams. We are proud of the Old Girls participating.

Top Left: **Natasha Watson** (mx 2025) – Crinums

Top right: **Kelly du Toit** (mx 2021) – Stings


Middle: **Zahrah Noah** (mx 2024) – Stings

Bottom left**: Hannah Kriel** (mx 2023) Tornados. Also named player of the match against the Sunbrids.

Bottom right: **Thegan Kuyler** (mx 2025)- Sonoblomo.

**Marguerite Harris (van Eeden**) (**mx 2015**) het haar Doktorsgraad in Drama verwerf. Mag hierdie besondere prestasie die begin wees van nog vele hoogtepunte. Ons is ongelooflik trots op jou!






**Megan Jansen (mx 2025**) , a 19 year old LLB student at the University of Stellenbsoch, has been partnered with her guide dog, Dakota. Megan lives with retinopathy of prematurity (ROP), a condition that occurs when a baby is born too early, and the eyes do not fully develop, leading to vision loss.

For Megan, this moment has been years in the making. She has dreamed of having a guide dog since she was 14, patiently waiting until she was old enough. A lover of reading and writing, she brings a thoughtful and determined spirit to her journey and is looking forward to taking Dakota home to her family.

Megan has navigated her world using a cane and now steps forward into a new kind of independence and adventure of partnership built on trust, companionship and independence.

We wish Megan and Dakota all the best!




**Lizette Rabe (mx 1974**) is professor emeritus and a previous chair of the Journalism Department at Stellenbosch University. Her latest publication is to give a voice to our "mothers of Mzansi'- from prehistory to the Present, titled 101 Remarkable South African Women.

Die Sigi Burger Netbaltoernooi het op 13 Maart 2026, by Hoër Landbouskool Boland plaasgevind. Ons was bevoorreg om 20 van die beste laerskole te verwelkom. Hierdie toernooi speel 'n belangrike rol in die ontwikkeling van ons o.18 en skoolnetbalspelers aangesien hulle ook betrokke is by die organisasie van die dag. Dit is werklik 'n geleentheid wat vir elke speler baie beteken.




Terselfdertyd eer ons die nalatenskap van **Sigi Burger (mx 2014**), wat deel van HMS La Rochelle was. Dit maak die toernooi vir ons nog meer spesiaal en betekenisvol. Sy neem tans aan die Maleisië Super Netballiga (Kedah Sunshine span) deel. Haar pa verskyn hier saam met Elsabe Conradie, Skoolhoof, en spelers op die foto.

**Susan van Wyk (De Villiers) (mx 1989),** Hoofmeisie, het vanaf Southampton UK kom hallo sê vir haar Alma Mater.







Op 11 Maart 2026 speel vier van ons oud-leerders vir die Maties 1-beginspan.

Links **Zahrah Noah (mx 2024), Hannah Kriel (mx 2023) Iselle Acker(mx 2025) en Thabisa Yekani (mx 2022)**

Saam met hulle op die foto is die Larries se huidige afrigter, Morne van Tonder wat ook tydens hul skooljare hul afrigter was.








The talented **Maria Bellmunt (mx 1987)** ensured that our 4M cheerleaders once again looked stunning! Maria also had the honor to make 15 flower costumes for the production of the Nutcracker at Montecasino and also coming to Cape Town in February 2026.




4M 2026! Thanks to all the Old Girl Supporters for coming and supporting La Rochelle.

<u>4M Old Girls Relay Team</u>

**Elke van der Westhuizen (mx 2020)**

**Adrienne Gallop (mx 2022)**

**Angie Pietersen (mx 2023)**

**Emily Williams ( mx 2023)**




















Powerfull testimony by **Mikayla Scholtz (mx 2023)** on Radio Tygerberg – Die Heilige Gees het haar gelei om die evangelie in 'n kroeg te deel. ROU EN REAL – LEEF MET LIOMEE

Wat 'n mooi gebaar – **Leonie Du Plessis (mx 2022**) het haar destydse Daisy , Nadia Volschenk(mx 2026), gaan sterkte toewens vir haar laaste jaar!





In Februarie het die Alumni vir die matrieks elk 'n geel pen gaan uitdeel waarop LAR ALUMNI staan – 'n simboliese boodskap om hulle te herinner om hul eie storie met 'n positiewe gesindheid te gaan skryf!

**Emma Koch (mx 2023)** is gekies vir die SA 0/24 Onderwater-hokkiespan wat gaan deelneem aan die Wêreld Kampioen-skappe 16-26 Julie 2026 in Turkye! Emma was ook 'n gas op EdgeMind waar hulle met haar 'n onderhoud gevoer het oor haar geestesgesondheid. Dit is wonderlik om te sien hoe sy haar insigte en ervaring deel en ander inspireer.






**Minette Kruger (mx 2019**) slaag met lof haar MEESTERS graad in Elektriese en Elektronies Ingenieurswese aan SU.



Baie Geluk **Magdel Barnard (mx 2021**) met jou B.ing (Siviel) graad.



**Jana Van Der Westhuizen (mx 2019**) het 'n uitsonderlike prestasie behaal met CUM LAUDE MSc Menslike Genetika!

Kontak ons gerus by alumni@larries.co.za en volg ook ons facebook blad asook Instagram blad.

Lar.oldgirls

La Rochelle Old Girls



Die volgende vyf dames ontvang hul Mediese Graad.

**Carla Theron (mx 2019)** (7 onderskeidings)

**Leanka Lombard (mx 2019)**

**Sameera Seria (mx 2019)**

**Elouise Lourens (Mx 2018)** Cum Laude, 10 onderskeidings)
Elouise ontvang ook die toekenning vir beste psigiatrie student.

**Johanne van der Westhuyzen (mx 2019)** Cum Laude, 11 onderskedings – asook onderskeiding vir skripsie – addisioneel gedoen)




**Bennita Visagie (mx 2012)** het 'n eerste , tweede en derde plek in 3 verskillende kategorieë verwerf by die Onnieveerder toekennings.  Bennita is ook aangewys as die Distrikswenner in Uitnemendheid vir Graad R by die Nasionale Onderwys Toeken-nings.  Bennita is 'n onderwyseres by Laerskool La Rochelle.



Dames van die **1973** matriek groep het heerlik saamgekuier in November 2025.



**Lida Botha (mx 1953) en Ilse Oppelt (mx 1994)** verskyn in die Kantoor produksie wat op Kyknet uitgesaai word vanaf Januarie 2026.






Old Girls het deelgeneem aan die skool se jaarlikse Boule dag. Hulle was aangewys as die span met die beste gees! **Heliza Du Toit (mx 1991), Karelien Venter( mx 1992)** en **Marisa Visser (mx 1988)** .





Congratulations to **Kara Janse van Rensburg (mx 2018).** She received the Rector's Award for Excellent Achievement from Stellenbosch University in the AgriSciences faculty. We are extremely proud of this Old Girl with her outstanding achievement.

Congratulations to **Zahrah Noah (mx 2024**) receiving full colours from Maties netball at their Prizegiving.









LEEF LENTE 2025. Pragtige artikel geskryf deur **Lizette Murray (mx 1970**) oor La Rochelle.

Lizette skryf ook 'n stuk met La Rochelle se 165 feesvieringe!





Baie Geluk **Elizabeth du Toit (mx 2020**) Sy het 'n CARE scholarship gekry om haar Meestersgraad in 'Cancer, Ageing and Rejuvenation' aan die Universiteit van Toulouse 111 – Paul Sabatier in Frankryk te voltooi. Hulle neem slegs 15 studente in, waarvan 10 internasionaal en 5 van Frankryk is. Sy is die eerste Suid Afrikaanse student wat tot die program toegelaat is. Baie Geluk en ons is saam met haar trots op hierdie ongelooflike prestasie!

UITSTAPDAG 2025. Die Alumnae het op 17 Oktober vir die matrieks hul Larrie pendant gaan uitdeel. Die Larrie blommetjie is uniek en eie aan La Rochelle en word handgemaak deur Lisa Adams.








**Megan Heramb-Smith (mx 2003**) is the guide and co-founder of the Great Outdoors, and safari tours company in Hoedspruit. She has more than 16 years of guiding experience to her work as a freelance guide, and has her NQF2 with the Busch Academy, and Professional Field Guide and National SKS birding qualification. Megan has recently been announced as 1 of 5 finalists in the Safari Guide of the Year Awards that honours the expertise, dedication and passion of field guides in Southern Africa. The award represents the pinnacle of field guiding in Southern Africa. She is also the only female vying for the award! We are very proud of Megan!

Dit is met groot hartseer dat ons deel van **Anmarie Hendrikse (mx 1998)** wat op 21 Februarie oorlede is**.** Sy was die dogter van Lida Hendrikse, afgetrede koshuisbestuurder van La Rochelle.









Elke Larrie Storie – **Eugenie-Lien Louw (mx 2002** )

Flower Power

ELKE LARRIE HET 'N STORIE




Elke Larrie Storie – **Annemie Nieuwoudt ( mx 2014)**





Elke Larrie Storie – **Sanlie Holm (mx 2007)**

Gaan lees gerus op die La Rochelle webblad op hulle BLOG, Elke Larrie het `n storie. Daar is `n hele paar oud Larries wat hul stories deel.



**Inge van der Westhuizen (mx 2022) Erin Meyer (mx 2024) en Adel Doman (mx 2021**) are proud members of the Stellenbosch University Choir who have just returned from Aarhus, Denmark where they achieved three top level Gold medals in the Grand Prix of Nations division of the European Choir Games.




In Junie 2025 speel verskeie van ons Oud Leerders in die USSA netball toernooi.

**Jade Atkins (mx 2024) TUKS, Thabisa Yekani (mx 2022) Zahrah Noah (mx 2024) en Hannah Olivier (mx 2022) Hannah Kriel (2023) almal Maties. Kelly du Toit (mx 2021) Madibaz**.

**Zahrah Noah (mx 2024**) was chosen as captain of the SA U19 team that took part in the Region 5 Youth Games in Namibia. Her team won gold!

**Jade Atkins (mx 2024)** is gekies as kaptein van die Tshwane 0/19A span. Haar span wen die TNC 0/19 A liga. Jade het ook die beste middelbaan speler toekenning gewen in die o/19 groep.

The Under-21 national squad, the SPAR Baby Proteas includes JADE ATKINS and ZAHRAH NOAH . The Netball World Youth Cup is set to take place 19 to 28 September 2025.



The 2010 Matric class had a reunion !

**CLASS OF 2025**

Ons is weer eens trots op die matriekklas van 2025 met 'n 100% slaagsyfer!

**Michelle Bristow (mx 1992**) The Heart behind GENESIS . Michelle the Co-founder and CEO of GENESIS Nutritional Products. A passionate dietitian with a BSc (Hons) in Dietetics from Stellenbosch University. Michelle's journey has taken her from top UK hospitals to pioneering nutrition in South Africa. With years of expertise in gut health, paediatrics and clinical nutrition, Michelle has always had one mission: to create nutritional solutions that are practical, affordable and transformative.




From leading hospital departments fo spearheading innovation at Danone and Futurelife, Michelle has brought the same care and commitment to GENEIS – a proudly South African company making a real difference in the fight against malnutrition. In Michelle's own words: We're not just feeding people – we're building a helathier, more nourished Africa."



Free Diver **Talya Davidoff (mx 2008)**. a Big day for me and for Africa. Make no mistake, my heritage plays a hug part here. Today I finally hit 100m! So many emotions after chasing this dream. Many DIVES, tears, therapy sessions, gym sessions and off course giggles. In 2019, at my first international competition, I did 60m for my dad. Today I did 100m for my mom.



Met diepe hartseer neem ons afskeid van oud-leerder **Tertia du Plessis (matriek 1964)** Tertia het jaarliks haar jaargroep bymekaar gebring vir die getroue bywoning van die Oud-leerderfunksie. Hier is Tertia saam met haar twee kleindogters**, Leoni (matriek 2022)** regs **en Luanne (matriek 2024**) links. Albei oud Larries waarop ouma baie trots was – 'n kosbare nalatenskap wat oor geslagte strek.



Met hartseer verneem ons van die afsterwe van **Joyl Neethling (nee Gilliomee) (mx 1951).** Mag die mooi herinneringe aan haar lewe en nalatenskap vir julle tot troos wees in hierdie tyd van verlies.

Oud Leerder **Trudie Niehaus (mx 1973)** was onlangs te sien in Appels en Tee op Kyknet, as Tannie Riana.  Sy het as byspeler in 3 van die 10 episodes verskyn.





LIEFDE AANVAARDING RESPEK

L A R

LOVE ACCEPTANCE RESPECT




Ons is baie hartseer om te verneem van **Chanel Campbell (Swart) (mx 2009)** se afsterwe.

# ALUMNI FUNKSIE 8 AUGUSTUS 2026




Click asb. op hierdie **skakel**




Gaan click op die SKAKEL hieronder en gaan registreer op die google vorm en betaal jou geld om hierdie jaar se funksie by te woon.



Geliefde Kaapse dokter**, Dr Sassa Botha (mx 1972**) is oorlede aan kolonkanker. Sy was op die leerlingraad en die dogter van die bekende skilder, David Botha, wat ook kuns aangebied het by La Rochelle. Haar ma, Jane Botha, was verbonde aan die Kunshuis in die Paarl. Dr Botha het as kind met skoliose geskukkel en 'n hele jaar van skool gemis, maar het wonderbaarlik herstel en later haar roeping as dokter uitgeleef. Ons innige meegevoel met haar familie en geliefdes.



With sadness we share the news that **Maryna Gilliomee Wasserfall (mx 1973**) passed away on 20 March 2026. Maryna served as both a school and hostel prefect, and will be remembered as a proud La Rochelle girl. Her sisters, Aletta and Beatrix, were also part of the La Rochelle family. Our sincere condolences to her family, friends, and all who knew and loved her.



**Tannie Visser celebrated her 92** birthday on the 11th February. What an extraordinary milestone – 92 years of wisdom and love. Thank you for the many years you served as a beloved Hostel Superintendent (1984-2010), touching and shaping the lives of so many young people. Even thereafter, for another 4-5 years as a hostel "tannie" at Navarre, you continued to care for and guide countless Larries with an open heart. Your legacy lives on in every learner who grew under your leadership, discipline and motherly care. Today we honour and appreciate you for the tremendous difference you have made. May this new year of life be filled with love, peace and precious moments with family and friends. In true Larrie Style the girls serenaded "the Golden sun" birthday song!







Oorlede (26/09/2025) – **Elna Hugo (nee Dippenaar)** Me Hugo was 'n trotse Larrie vanaf laer- tot hoërskool en as oud onderwyser by haar Alma Mater. Foto van Me Hugo en Joan Beyers (links) – was enigste 2 matrieks van hul jaargroepe oor. Me Joan Beyers is tans in Huis Vergenoegd woonagtig.



**Junelle Rossouw (mx 2019)** completed her BSc Agriculture in Viticulture & Oenology degree at Stellenbosch University in 2023. She was appointed as assistant winemaker at Saxenburg Wine Estate in 2024 and is loving every moment of it. Junelle created the Instagram profile @die_wynmeisie while she was a student to share educational wine videos, helping to expand her audience's wine vocabulary, teach them how to taste wines and provide detailed tasting notes. She was selected as one of the Wineland Media's 30 under 30 for 2025- a bold new wave of innovators, change makers and game shakers redefining the future of South African Wine.





**Engela de Villiers (mx 2014)** On Friday 30 May, I successfully defended my PhD in Leuven, Belgium, and was awarded the degree of Doctor in Linguistics. I conducted my research over four and a half years as part of a joint PhD prgramme between KU Leuven and Stellenbsoch University, spending two years in Belgium and two in South Africa. Throughout this time, I've had the privilege of connecting with scholars both internationally and at home. It has been a truly enriching journey – one that has ended on a deeply rewarding note.



Ons is baie trots op **Anel van Zyl (mx 1992**) met haar bevordering as mede-Professor in die Departement Pediatrie en Kindergesondheid.






Rekordeksamen – Alumnae gaan oorhandig 'n bederf en sterkte toewens geskenkie aan die matrieks.

Op 12 Junie 2025 neem ons met 'n swaar hart afskeid van ons geliefde juffrou **Schoemie** (soos wat sy alombekend was) – jy was 'n mentor, 'n gids en 'n inspirasie vir soveel La Rochelle leerders. Jou liefde vir La Rochelle en opregte omgee het 'n onuitwisbare indruk op elke Larrie se lewe gelaat.






**Angela Miller-Rothbart (mx 1962)** Congratulations to old Larrie, Angela Miller -Rothbart (mx1962) on the launch of her second novel, Space Between the Stars. Her debut novel, The Lightness of Air, was warmly received, and we're excited to see her continue her literary journey. Angela is a multifaceted talent — an accomplished entrepreneur, businesswoman and voice-over artist .

Uit die pen van **Lizette Murray (née Vlotman 1970):**

In La Rochelle se lang geskiedenis van 165 jaar was daar vanaf 1860 tot 2025 slegs 10 skoolhoofde. Die gemiddelde aantal jare van elke skoolhoof is 16½ jaar – 'n skole-rekord. Dit is dus te verstane dat La Rochelle deel van elke skoolhoof se hartklop bly – selfs ná hul aftrede. Die skool was immers hul tuiste oor baie jare – elke gang en klaskamer, elke groen binnehof en elke pragtige ou gebou op die terrein, saam met die see van blou blommetjiesrokke – is in hul geheue ingeprent.

Net soos elke aflos-atleet die stokkie na die volgende atleet aangee, maar steeds tot aan die einde van die resies op die baan bly en met kloppende hart haar spanmaats aanmoedig, so leef ons oud-La Rochelle-skoolhoofde ten nouste saam met die skool.

Die bekende gesigte van mej. Lochner en mev. Heydenrych (mej. Longland) word gereeld tussen dié van die ander gaste by spesiale skoolgeleenthede opgemerk. En dikwels sien 'n mens hulle in gesprek met mev. Conradie. Daardie besondere samehorigheid en kameraderie tussen die hoofde is sigbaar. Dit maak elke Larrie en oud-Larrie trots en dankbaar. Ons weet ons is in goeie hande, want ons skoolhoofde sien om na mekaar én na ons skool.



Daarom wil ons dankie sê aan Johanna Heydenrych en Amanda Lochner vir wat julle as skoolhoofde vermag het en vir dit wat julle steeds vir La Rochelle beteken. Ons eer ook vir Elsabé Conradie wat nou met die aflosstokkie in die Larrie-baan hardloop.

Ons kyk met trots saam vorentoe.

En Avant!



**Rini Sheffler is oorlede** op 12 September 2025. Rini was 'n onderwyseres gedurende 1970 by La Rochelle.

**Maynie van Niekerk (Nee Muller) mx 1953** oorlede 2025.






Artikel in Die Burger deur **Annelize Pepler le Roux (mx 1971).** Annelize is ’n toeroperateur, voormalige joernalis en skrywer van reklamekopie.

Die gene wat ingeteken is op Netwerk24, kan die artikel lees deur op "Stemme" te gaan kliek en kommentaar te lewer.

Voorwaarts die toekoms in met dié vroue.

Die een wat gesê het blinkleerskoene weerkaats ’n vrou se onderklere, is sowaar steeds soek. So ook die een wat gesê het rooi rokke prikkel mans en moet liefs vermy word.

Hierdie gerugte het ’n klok van herinnering laat lui by oud-leerlinge, insluitend oud-koshuisinwoners van die Hoër Meisieskool La Rochelle in Paarl wat so pas die 165-jarige bestaan van hul alma mater, die oudste dubbel-medium meisieskool in Suid-Afrika, gevier het.

Dit was ’n verkwikkende samesyn in die skool se sportsentrum met die van lank voor en na jou eie matriekjaar. ’n Pikante glas rietsnaps en tonikumwater waarin ’n olyf, halwe aarbei, takkie kruisement en slanke suurlemoenskyfie gewillig gewag het, is onder meer by die aankoms bedien. En toe begin die vroue gesels - Onthou jy dit, onthou jy dat…

Weereens het die besef posgevat hoe kosbaar dit bly om deel te kon wees van die leerlingkorps van een van ons land se oudste en uitstekendste skole, gelei deur formidabele vroue.

La Rochelle het in 1860 beslag gekry toe mense met vars Huguenotebande uit die families du Buisson, Taillefert en de Villiers hul skool vir meisies in Paarl open. Merkwaardige vroue het tot die leierskap toegetree, onder andere ’n Amerikaner, Virginia Lee Pride.

Sy het die Paarlse gemeenskap tot in sy fondamente geskud toe sy soos oudergewoonte in Amerika, op haar fiets in die dorp ry. Sulke ekskursies deur ’n vrou was toe absoluut onbetaamlik. Meningsvormers het haar egter aangeprys as “fearless, upright … a good woman and a lady in the truest sense, a woman with ideas which were too big for Paarl”. Virginia was vanaf 1890 tot kort voor die aanvang van die Anglo Boereoorlog in Oktober 1899 die skool se hoof. Sy het na die VSA teruggekeer waar sy in 1957 op 94-jarige ouderdom oorlede is.

Martha Helena Cillie was vanaf die tweede helfte van 1899 tot byna die einde van 1921 die skoolhoof. Sy is in 1966, ’n maand voor haar 100ste verjaardag, oorlede. Sy is opgevolg deur Johanna Jacoba Meyer wat vanaf die einde van 1921 tot 1947 die hoof was. Johanna is in 1988 op 97-jarige ouderdom oorlede. Anna Christina Grundlingh (onder leerlinge as Pluto bekend) het vanaf 1948 tot 1962 die leisel gehou. Sy sterf in 2008 op ouderdom 99. Sy is opgevolg deur Christa (Dewaltina Christina) le Roux wat vanaf 1963 tot 1991 die hoof was. Christa (onder leerlinge bekend as Daisy) is in 2022 op 90-jarige leeftyd oorlede.

Johanna Longland was vanaf 1992 tot 2001 aan die stuur van sake en is opgevolg deur Amanda Lochner wat vanaf 2002 tot 2021 die hoof was. Sy is in 2022 opgevolg deur die huidige hoof, Elsabé Conradie. Aldrie die laasgenoemdes het die 165-jarige viering bygewoon.

Hierdie femmes formidables se leierskap oor bykans twee eeue bevestig (met of sonder blinkleerskoene en rooi rokke) inderdaad La Rochelle se leuse En Avant (Voorwaarts).

Voorwaar magnifique!

#hmslarochelleghs #eenmaalnlarriealtydnlarrie

# CELEBRATING 165 YEARS OF EXCELLENCE



# 165 STE FEESVIERINGE 2025









Hokkie en netbal is deur die Old Girls teen die matrieks gespeel.


























**Estelle (Verster) van Dyk**
**Hoofdogter 1976**
**20 Februarie 1958 – 6 Junie 2025**
**Huldeblyk gelewer by lewensviering. 15 Junie 2025.**
Carine Janse van Rensburg

*"O Captain! my Captain!"*
**Our** Captain!
*"Your fearful trip is done."*

As ek jou maar so in die rooitaal in die woorde van die Engelse digter Walt Whitman mag groet, Stella, maat van amper 60 jaar.

Want dis wat jy vir my, vir óns was. Leier, leidsvrou, wegwyser, kompas, gids, koershouer, gesagsfiguur, voorvatter; nóóit naprater, jabroer, draadsitter, semelbroek met 'n jansaliegees nie. Veel eerder vuurvreter-heethoof, ja!

Ek het gedink dit sal maklik wees om 'n huldeblyk aan so 'n besondere mens te bring, want daar is so baie om te sê. Maar ek moes tot die ontstellende besef kom dat dit juis jou spesiaalgeit is wat dit moeilik maak. Niks wat ek probeer neerpen het, kan reg laat geskied aan die méns wat jy was nie. Woorde is só ontoereikend. En nou is jy só onbereikbaar.

Daarom gee ek vir jou 'n paar woorde van ons Larrie-groep – woorde wat probeer saamvat wie en wat jy vir ons was:

Ystervrou. Dinamiese bondel energie. Borrelende gees. Gasvry, positief, entoesiasties, lewenslustig – méér as dit: lewensgúlsig. Altyd gereed om iets nuuts aan te pak. Met 'n oop hand, 'n hart vol omgee en 'n heerlike humorsin. Jou motto: "Wees goed vir ander. Dis hoe ek wil leef." Dit ís hoe jy geleef het.

Bowenal was jy ons en jou al jou hartsmense se anker, ons *superglue*.

Lana skryf:

***Stella***
*Die kind wat ek was*
*is so lief vir jou.*
*Die vrou wat ek is*
*waardeer jou so.*
*Ek wens ons kon nog*
*eenmaal gesels.*
*Jou sagte diep stem*
*nog eenmaal*
*vir my sê*
*jy is okay –*
*die Withond het sy ding*
*gedoen.*
*Jou stapskoene wag.*
*Jou kant van Gert se bed*
*is leeg.*
*My maatjie ek hét onthou –*
*aan jou gedink die 14de.*
*Gevra hoe als afgeloop het*
*die 15de en die 17de*
*en weer en weer,*
*maar jou stem was stil.*
*Toe het ons gehoor jy veg.*
*Ai girl, geglo jy gaan*
*die ding wen.*
*Ek's so jammer Stel,*
*dat jy nou moes gaan –*
*maar so blessed;*
*ek het jou so lank*
*in my hart kon dra.*
*Ek dra my pês hanskoene*
*net vir jou.*

Uit die verre Noorde skryf Santi oor julle onvergeetlike kuier in Krokodilbrug en in Satara op die houtdek van die restaurant, van die lag en gesels wat sy altyd diep in haar hart sal bêre en hoe verslae sy steeds is ...

Ons almal is ...

Ons groet jou vandag met diepe dankbaarheid vir die mens wat jy was.

Ons staan vandag ook stil oor jou stlte, want, soos Boerneef sê, "dis eers wanneer iemand stil raak, dat jy hoor hoe diep hulle in jou was."

Daardie ondraaglike stilte is wat julle nou daagliks beleef, liewe Gert, Elaine en Nico, julle kinders, Mieke, Jannes, Janke-Mari; Michilina (Kolle) en Barto en julle kinders Misha, Maja en Mia; Wessel en Janneke met klein Luka en Luan, en Ma se naamgenoot, Estelle, Bytjie. Ook Riana en Adelle. En ek weet met elke herdenking van 'n spesiale dag, vou die oorverdowende stilte jou wéér rasend toe, spoel die verlies soos 'n tsoenami-brander jou weer en weer óm, vra jy weer hoekom, hoe kon dit gebeur het. En al jou gesoek na antwoorde stuit op die onherroeplike werklikheid: Sy is weg.

As ons Larrie-maats se seer so groot is, hoeveel te meer julle s'n!
Maar, Stel, jy was hier.
Jy was gelief.
Jy sal onthou word –

– in herinneringe wat lig bring selfs ná die dood, want die stilte na die dood is nie leeg nie – dit is vol herinneringe van liefde, stories, lag, sagte aanrakings. En die spore van jou herinneringe lê diep oor ons harte; daarom skryf ons jou naam, in die woorde van Sheila Cussons, "nie in die stof van vergetelheid nie."

Hoe dankbaar is ek dat die vonkel van wellewende jeug nooi uit jou verdwyn het nie.

Jy was die mens saam met wie ek, en ek glo elkeen van ons, oorlog toe sou gaan, Stel. Ek verwoord dit met die volgende beskeie versie uit my pen:

*met jou*
*vaar ek vreesloos*
*deur die diepste waters*
*tot by die verste*
*skoonste strande*
*aan ongekende kuste*

*met jou*
*loop ek onverskrokke*
*elke gevaar storm*

*met jou*
*veg ek oorloë*
*loop ek oor kole*
*swem deur ysseë aan pole*
*spring ek oor mure*
*en klouter kaalhand teen rotse uit*

*met jou,*
*liefste maat, my kameraad*

In *Hamlet* groet Horatio sy sterwende vriend, die prins van Denemarke. Ons groet jou, vir oulaas, in sy woorde:

"Now cracks a noble heart. Good night, sweet prince/princess, and flights of angels sing thee to thy rest".

***Landou-weekblad* se huldeblyk aan Estelle:**
https://www.landbou.com/leefstyl/landbou-in-overberg-verloor-n-kampioen-20250624-0805



Kontak ons gerus by alumni@larries.co.za en volg ook ons facebook blad asook Instagram blad.

Lar.oldgirls

La Rochelle Old Girls

# Joan Homewood (Beyers) – ’n Lewe Ryklik Geseën

Joan Homewood (gebore Beyers) is op 15 Junie 1925 in Wynberg gebore. Haar moeder was Minnie de Klerk (1894–1991). Minnie is later getroud met William Mark Homewood, ’n wewenaar met drie kinders vir wie sy destyds skoolgehou het. Joan se vader, William (1882–1928), is oorlede toe sy slegs drie jaar oud was en haar broer, Billy, vyf jaar oud.

Na haar pa se afsterwe het die gesin van Bloemfontein na Derdeheuwel naby Montagu verhuis. Joan het daar skoolgegaan, onder andere by haar eie ma, en later haar opleiding in Montagu voortgesit voordat sy haar matriek in 1942 aan La Rochelle in Paarl voltooi het.

Sy het daarna haar onderwysstudies aan die Onderwyskollege Paarl en die Universiteit Stellenbosch aangepak. Gedurende hierdie tyd het sy reeds vir Coen Beyers leer ken, wat ook aan Stellenbosch gestudeer het. Haar onderwysloopbaan het by St. Agnes Katolieke Skool in Woodstock begin, waarheen sy daagliks per trein en bus vanaf die Strand gereis het.

In Junie 1949 is Joan en Coen getroud, waarna sy huisvrou in Zebediela geword het, waar haar man as skeikundige navorser gewerk het. Hulle drie kinders – Minette, Neel en Raadi – is daar gebore.

Met Coen se voortydige afsterwe in September 1960 het Joan, saam met haar agtjarige dogter Minette, sesjarige seun Neel en vier maande oue baba Raadi, na die Strand teruggekeer om nader aan haar familie te wees.

Later het sy haar roeping as onderwyser hervat en in 1967 by Klein Boishaai in Paarl begin skoolhou. Daar het sy haar liefde vir kinders en onderwys met groot toewyding uitgeleef en uiteindelik in 1987 as ’n legendariese Graad 3-onderwyseres afgetree.

Gedurende hierdie tyd het sy ook by haar broer Billy gewoon nadat hy voortydig wewenaar geword het en gehelp met die versorging van sy kinders, Marius en Annie. Haar geliefde moeder, Minnie, is in Maart 1991 op die geseënde ouderdom van 96 jaar oorlede. Billy, haar steunpilaar en geliefde broer, het haar op 12 Desember 1993 ontval.

Nog ’n diep hartseer het gevolg toe sy haar seun Raadi op 18 April 2000 verloor – ’n traumatiese verlies wat sy met groot moed gedra het.

Joan het die lewe ten volle aangegryp. Sy het wêreldwyd gereis, met passie brug gespeel (onder andere by die Paarlklub tot 1992), en was ’n ywerige leser met ’n boek altyd binne bereik. Sy was ’n fynproewer in die kombuis en het groot vreugde uit kook geput. Gesonde leefgewoontes was vir haar belangrik – sy het getrou haar vyf porsies vrugte en groente per dag geëet, jare lank tennis gespeel, gereeld gestap, aan ’n gimnasium behoort en later ook rolbal geniet.

Vir haar kinders en kleinkinders is sy ’n bron van liefde, wysheid en eindelose storieboeke. Sedert 2001 is sy woonagtig by Huis Vergenoegd, waar sy haar geliefde aktiwiteite en sosiale lewe voortsit.

Sy ontvang tans uitstekende en liefdevolle versorging in die siekeboeg en word innig gekoester deur haar familie: haar kinders, skoonkinders, tien kleinkinders, twintig agterkleinkinders, asook Billy se twee kinders.

Wat ’n buitengewone en ryklik geseënde lewe – 101 jaar gevul met liefde, diensbaarheid, veerkragtigheid en onskatbare herinneringe.




Ons oudste Larrie, Me Joan Beyers (mx 1942), het op 15 Junie 2026 haar 101ste verjaardag gevier!

Mev Elsabe Conradie (Skoolhoof) en Karelien Venter (nee Coetzee) (mx 1992) (Alumni Voorsitter) het die voorreg gehad om haar persoonlik geluk te wens en hierdie spesiale geleentheid saam met haar te vier.

Op die foto, langs Mev Conradie, is Minette Viljoen (mx 1969 en Joan se dogter). Saam met hulle is ook twee agterkleinkinders wat tans Larries is, Lisa Beyers en, heel regs, Anja Möhr.

Baie geluk, Me Joan Beyers! Mag hierdie merkwaardige mylpaal gevul wees met liefde, vreugde en kosbare herinneringe. Ons is trots om jou deel van die Larrie-familie te noem.